

HOOFSTUK V.

DIE TUSSENPERIODE.

1877—1881.

Op 12 April, 1877, het die Transvaal in Engelse hande oorgegaan. Uiterlik het alles 'n kalm en rustige verloop gehad. Die afgetreë Regering het „Alle amptenaren, burgers en ingezetenen gelast, om zich te onthouden van eenig woord of eenige daad, waardoor de zending ¹⁾ zou kunnen vruchteloos gemaakt worden.” 'n Ander faktor, wat dit bevorder het, is dat alle amptenaars die raad gekry het om voorlopig in diens van die nuwe bestuur te bly. Op onderwysgebied het sake vereers in dieselfde groewe bly loop, want van Gorkom het ook aangebly en sy werk voortgesit. Die opposiesie teen van Gorkom en wet 4, '74 wat volgens die proklamasie in werking gebly het, was deur die verandering van bestuur nie verminder nie. Tengevolge hiervan was die bemoeiing van die Supt. met onderwys sake maar baie min. Die groot doel van die Britse bestuur na die anneksasie was om die boere te versoen met die nuwe omstandighede. Sir Theophilus Shepstone het al gou 'n konsiliesie reis begin. Hy het blykbaar gevoel dat onderwys 'n baie belangrike faktor kon wees in die bereik van sy doel en hierin veral het hy 'n lewendige belangstelling getoon. Die skool het hy in die meeste dorpe besoek. In Middelburg was hy baie ingenome met die onderwys van v. d. L. ²⁾ Tog kon hierdie goeie indruk v. d. L. geen permanente aanstelling aldaar besorg nie, want Sir Theophilus was al dadelik deur sy vriende goed ingelig omtrent die algemene objeksie teen die onderwyswet en wou hom daarom so min moontlik verdere verpligtings op die hals haal onder 'n stelsel wat tog nie

¹⁾ N. I. die Deptsie wat na Engeland en Amerika afgevaardig was om die teruggawe van die Republiek te probeer verkry.

²⁾ T. 2/2117; brief 36, dd. 27-8-77; Argief.

permanent sou wees nie, en hierom was die nuwe Goewerments-onderwysers voorlopig net tydelik aangestel. ¹⁾)

Reeds kort na die anneksasie het van Gorkom opdrag gekry om 'n verslag op te stel oor die onderwystoestande in die land. ²⁾) Na verder inligtings waarskynlik het dit Shepstone duidelik geword dat van Gorkom se rapport sake nie in die ware perspektief kon stel nie, en daarom het hy op 4 Junie e.v. J. Vacy Lyle, M. D., sy huisdokter, aangestel „to enquire into the present condition of education in the Transvaal territory, the Laws regulating it, and the adaptability of those laws to the wants of the people, and the circumstances of the country”. ³⁾) Hierdie aanstelling is dus feitlik 'n mosie van wantroue in die Supt. en dis as sulks deur hom en ander gevoel. ⁴⁾) Duideliker nog is dit hom tuisgebring gedurende 'n onderhoud met Shepstone, waarby die wenslikheid van sy aftreding bespreek is. ⁵⁾) Tog was dit nie maklik om hom te ontslaan nie. Hy was uitgekom op 'n kontrak vir 7 jaar, en die Engelse bestuur het sy dienste oorgeneem. Daarom is daar voorlopig nie verder op ingegaan nie en sake is onder sy beheer — nominaal — gelaat, sover as die werk wat hy moes doen nog die naam kon dra, want alle korrespondensie met en instruksies wat hy van sy hoofde gekry het, was besonder kort en bits ⁶⁾) sodat sy taak ver van aangenaam was.

Ondertussen het Lyle 'n goeie begin gemaak met die versamel van gegewens vir sy verslag. Shepstone het hom 'n vrye hand gelaat en die hele onderwysorganisasie tot sy beskikking gestel. Slegs op één vername punt het Shepstone hom 'n paar grondidees gegee, n.l. dat die doel moes wees die bring van die laer onderwys aan die grootste gedeelte van die bevolking. ⁷⁾) Lyle het informasie gevra van predikante, onderwysers, skoolkommissies en private persone, wat blyk gegee het dat hulle belangstel in onderwyssake. Die ondersteuning was baie groter as die wat v. G. te beurt geval het by sy verslag.

¹⁾) T. 2/2117; o. b. 293 van 30-5-77, Argief.

²⁾) T. 2/2117; o. b. 230, do.

³⁾) Transvaalsche Goewernements Courant: 7 Jan. '78; bls. 4.

⁴⁾) T. 2/2117; o. b. 302, Argief.

⁵⁾) Brief van W. J. van Gorkom aan His Excellency the Administrator of the Government; dd. 16-12-77. Argief.

⁶⁾) Sien b.v. onder die korrespondensie tussen die Regering en van Gorkom die volgende stukke: 1190/77; 1148/77; 1296/77.

⁷⁾) Aanstelling van Dr. Lyle: dd. Government House, Pretoria, 4 Junie, 1877.

Gedurende hierdie periode van ondersoek het sake onder v. G. se beheer nie verbeter nie. Die kommissies onder die bestaande wet, wat feitlik net in lewe geroep was om die Goewerment in staat te stel om die subsidie uit te betaal, het, deur inwendige opposisie, hulle in baie gevalle verder niks meer van die onderwys aangetrek nie; ook was onderwysers nog skaars, want die toevoer uit Holland het dadelik na die val van Burgers opgehou.¹⁾ Die Goewerment-skole, byna sonder uitsondering onder leiding van 'n Hollander, het nog steeds die volle haat van die Burgersstelsel moet dra, en daarom was die algemene neiging om hulle, waar moontlik, nie te gebruik nie, en die voorkeur te gee aan Engelse skole.²⁾ 'n Enkele skool het probeer omslaan in Engels.³⁾ Hierdie deurslaan na die kant van Engels was algemeen, en waar dit nie in die Goewermentskool self was nie, is daar gou 'n private skool opgerig, waar dit uitsluitend die medium was.⁴⁾ Hierdie skole was goed ondersteun.

Gou het die nuwe bestuur gesien dat die manier waarop daar in die laaste maande van die Burgersregering met die landsgeld omgesprong was deur die D. v. O. nie kon volgehou word nie. Al dadelik is geen nuwe Goewermentsonderwysers permanent aangestel nie, en die uitbetaling van die onnodige subsidie is so gou as moontlik gestop.⁵⁾ Die gevoelens van die Regering was dat ondersteuning van private skole die regering baie minder sou kos en tog aan ruim soveel kinders die geleentheid om die nodige onderwys te ontvang sou verskaf. Hierdie beskouing het die private opposiesieskole sterk aangemoedig.

Ds. Jooste van Potchefstroom en Ds. Bosman van Pretoria het die saak van die onderwys sterk opgeneem onder die nuwe regering en hulle het geen moeite ontsien om die onderwys van die jeug deur medium van Engels te bevorder nie. Laasgenoemde het dan ook reeds in '77 die voorbereidings gemaak vir 'n op te rigte Engelse meisieskool, die Prospect Seminary. Dit was nog maar die begin van die groot plan en later moes daar 'n Engelse jongensskool volg. Die nuwe inrigting was onder die toesig van Ds. Bosman en 'n kommissie. Aanvanklik het die inrigting baie sukses gehad en binne

¹⁾ T. 2/2117; Argief.

²⁾ Sien verslag van Lyle van '78.

³⁾ O.a. die van Dirks te Utrecht; Argief T. 2/2117, onder '77—'78.

⁴⁾ R. 2488/78; Argief.

⁵⁾ Op die begroting vir '78 is deur van Gorkom slegs subsidie aangevra vir die volgende skole: — Pretoria, Potchefstroom, Ventersdorp, Luneburg. Dit skyn alleen te wees omdat hierdie uitgawes tevore ook gedoen was. Sien ad R. 2426/78; Argief.

'n jaar was daar al 'n goeie 80 kinders op die registers. Ds. Bosman — miskien onder invloed van Ds. Murray in die kolonie — het hom die diens verseker van Mej. Clary van die Mount Holyoke Seminary (Amerika) om die leiding van die skool op haar te neem. In Nov. '77 het sy in Pretoria aangekom en haar werk aanvaar, maar reeds die volgende Augustus is sy oorlede. ¹⁾

Ds. Bosman het daar dadelik al in geslaag om 'n goeie toelae vir die inrigting van die Britse bestuur te kry, die begin van die „Grants in aid” stelsel. Met minder sukses het Ds. Jooste in Potchefstroom 'n soortgelyke skool gestig wat ook regeringsteun getrek het. Steun is in '78 ook toegeken aan skole in Morgenzon en Lydenburg. Hierdie stelsel sou later die standaard word.

VAN GORKOM TREE AF.

Dr. Lyle se verslag is in die begin van '79 gepubliseer. ²⁾ Onder-tussen was sy betrekking tot die onderwys nouer geword. Die be-handeling van die kant van die Goewerment sowel as die algemene teëwerkling en miskenning het van Gorkom laat besluit om sy amp neer te lê, onder ontvangs van sekere skadeloosstelling. ³⁾ Op 21 Maart '78 het hy sy papiere, ens. oorhandig aan die nuwe Supt. (wnd). Dr. J. Vacy Lyle.

DIE HOËRSKOOL GESLUIT.

By die aftree van van G. moet ons nog melding maak van die lot van die Gimnasium van '76. Die aantal leerlinge het na die opening nie hoër gestyg as vier nie. Na die verwisseling van bestuur is die moontlikhede van die inrigting nie verbeter nie en die Engelse bestuur was nie gewillig om die hoë koste, aan die stelsel van dubbele salariëring verbonde te bestendig nie. Van G. se lang uiteensetting van die noodsaaklikheid van so'n inrigting in die hoofstad, veral met die oog op die opleiding van amptenare en onderwysers, het nie baie byval gevind nie en op 27 Julie, '77 is hom meegedeel dat,

¹⁾ sien haar grafsteen op die ou kerkhof in Pretoria, links van die ingang.

²⁾ Dis gepubliseer in die Transvaalse Gouvernements Courant van 7 Nov. '79. Die oorspronklike is in Argief.

³⁾ Brief van v. Gorkom aan Shepstone, dd. Pretoria 10 Des. '77 en brief van Sekr. van die Goewerment aan van Gorkom dd. Pretoria, 16 Maart 1878.

aangesien die inrigting 'n mislukking is, dit vanaf die 28ste e.v. gesluit sou word. ¹⁾)

Dit was dus die end van die inrigting vir middelbare onderwys wat opgerig was onder die Burgerswet. Ondertussen het die Akademie van Lawrie, sowel as die pasopgerigte Katolieke skool, waarvan die laaste veral 'n taamlik uitgebreide hoër-departement gehad het, voldoende leerlinge getrek om vergoed aan te toon dat die mislukking van die Gimnasium veroorsaak was deur die feit dat dit nie voldoen het aan die verlange van die dae.

DIE VERSLAG VAN LYLE.

Hierdie verslag is één van ons belangrikste dokumente in verband met die onderwys. Hoewel Lyle 'n M. D. was en dus geen kwalifikasies as organiseerder op onderwysgebied besit het nie, ²⁾) het sy rapport tog laat sien dat hy 'n goeie opvatting van sy werk gehad, en dit tot 'n uitstekende resultaat gebring het. Wat ons dadelik tref is die maklike manier, wat hy het, om hom aan te pas by die toestande van die volk, hoe hy trag om die saak vanuit hulle oogpunt te beskou, sy waardering vir die weinige wat met hulle beperkte fasiliteite reeds gedoen is, sy respek vir hulle standvastige geloof in die bybel en vir hulle strewe om die kinders tog 'n mienimum kennis mee te deel. ³⁾) As 'n mens hiermee vergelyk wat v. d. Hoff eers gesê het omtrent die klomp verwilderde halfwyse stumperds, of v. d. L. omtrent hulle verregaande domheid en onnoselheid, dan sien jy dat jy hier met 'n ander persoonlikheid te doen het.

Die gebrek aan aktiwiteit by die vooruit boere in die verskillende distrikte om die voortou te vat, of om 'n begin te maak en iets vir die onderwys op te offer, het hy opgemerk; hy sien dit as 'n gewone verskynsel wat 'n mens in alle pasopkomende lande aantref. ⁴⁾)

¹⁾) Te vinde in Argief.

²⁾) Die „Volksblad“ sê na aanleiding van Dr. Lyle se verslag o.a. „Een ding, evenwel, wenschen wy de Transvaalsche Boeren aan te bevelen; dat zy zo snel mogelyk den man trachten kwyt te raken, die naar hun land kwam omdat Sir Theophilus Shepstone bevreesd was om zyne door het pootje geplaagde leden toe te vertrouwen aan de geneesheren van Pretoria, en die, naderhand, zonder het minst met zaken van onderwys vertrouwd te zyn, benoemd werd tot een betrekking die hem een lekker vast inkomen bezorgde, terwyl hy daarby zyne geneeskundige praktyk kon aanhouden.“

³⁾) Verslag van Dr. Lyle; art. 2.

⁴⁾) do. 39.

Die verslag vang aan met 'n kort oorsig van die onderwyswetgewing in die land en behandel veral toestande kort vóór en gedurende die wet van '74. Hy laat sien dat, niesteenstaande die hoë uitgawes daar absoluut geen sukses was nie en toon aan dat daar in die aanliggende kolonies met baie minder geld veel meer uitgerig word. Dan gee hy die hooftrekke van die Burgerswet en die rede van sy mislukking (s. i.); en tereg merk hy op dat die miskonsepsie omtrent die gebruik van die bybel in die skool vir baie teenstand verantwoordelik was. Hy het dus deeglik gevoel in watter rigting die kwaad gelê het.

Besonder verwonderd was hy oor die algemene verlange na onderwys in Engels. Hierdie stroming, soos ons in die vorige hoofstuk aantoon, was vóór die anneksasie al baie sterk en het kort daarop eers nog toegeneem, veral by diegene, met wie hy die meeste in aanraking gekom het. Dat die invoer van vrysinnige Hollandse onderwysers nie veel goed gedoen het nie, was hom duidelik.

Hoewel hy die ware redes vir die mislukking van die onderwyswet nie heeltemal juis raak gesien het nie, was hy tog dig genoeg by die waarheid om die groot foute aan te toon wat vermy moes word, en byna raak hy die kern van die saak as hy met die opbouende gedeelte van sy rapport begin en stel dat die stelsel moet aanpas by die mense en dat hulle godsdienssin geken moet word.¹⁾ Hierdie eenvoudige prinsiep kon Burgers en van Gorkom c.s. nie raak sien nie, maar dit was gelaat vir Lyle M. D. om neer te lê dié enige basis waarop 'n onderwysstelsel in die Tv. van die dae 'n sukses kon wees; — die gees hiervan was natuurlik reeds uitgespreek in die verslag van '73.

Hy gee dus aan die hand dat daar 5 uur per dag aan skoolwerk gegee moet word, één daarvan moet afgesonder word vir die gee van godsdiensonderwys, insluitende die behandeling van die Heilige Skrif. Verder kom hy tot die konklusie dat meer ekonomies tewerkgegaan moet word met die uitbetaal van staatsgeld vir onderwysdoeleindes en baie gesond is ook in verband hiermee sy advies dat laer onderwys soveel moontlik ondersteun moet word.²⁾

Na die neerlê van hierdie grondbeginsels stel hy voor, dat Goewermentskole alleen in die distrikte opgerig moet word, waar die nood die dringendste is, en dat alle ander skole, wat aan sekere vereistes beantwoord, „grants-in aid” moet ontvang. Maar daar

¹⁾ Verslag van Dr. Lyle; art. 66 en 67.

²⁾ do. 73.

sodoende tog nog baie kinders sonder onderwys sou bly — dit skyn ons toe dat Lyle die eerste is wat hierdie belangrike faktor aanroer — omdat, deur skaarste aan diensbodes en werkvolk baie kinders deur hulle ouers as veewagters of op die land en in die huis gebruik word, wil hy gebruik maak van die rondtrekkende skoolmeesters, hulle aanmoedig om hulle kennis en metodes te verbeter, om sodoende tog sover moontlik 'n mienimum kennis te laat deurdring. Hoewel hy weet wat hulle in baie gevalle is, sien hy ook weer die goeie kant raak en waardeer die positiewe deel van hulle werk.¹⁾ Hierdie is verder 'n bewys dat Lyle die idees uit die rapport van '73 tenvolle in aanmerking geneem en selfs uitgebrei het.

Hy stel hom voor om min of meer die volgende stelsel in te voer: —

1. Die normale inrigting sal die ondersteunde skool wees en die regering sal alleen sy eie skool oprig waar dit absoluut noodsaaklik is.
2. In Pretoria en Potchefstroom moet aan die bestaande skole 'n laer departement toegevoeg word, sodat die kinders eers die laer deel moet deurloop of as hulle van ander plekke kom 'n toelatings-eksamen moet doen vir die hoër afdeling.
3. In laasgenoemde twee plekke moet skoollosieshuise opgerig word om kinders van buite te herberg.
4. Talentvolle, behoeftige kinders moet van Goewermentsweë ondersteuning kry.
5. In alle skole moet soveel moontlik plaaslike talent gebruik word vir kwekelinge, en die genoemde inrigtings moet gedeeltelik ontwikkel in opleidingskole vir onderwysers.
6. Subsidie en salarisse sal nie langer betaal word nie, maar die toelae sal volgens resultate wees.
7. Daar moet 'n vaste standaard wees vir 'n vergelykende inspeksie.²⁾
8. Daar moet in ondersteunde skole eenvormigheid van teksboeke wees.
9. Inspekteurs is wenslik, maar voorlopig kan die predikante help.
10. Die plaaslike kommissies sal bly bestaan en toesig hou oor die skool.

¹⁾ Verslag van Dr. Lyle; art. 84.

²⁾ Sien bylae A. van Lyle se rapport.

11. Die bepaling van die medium van onderwys word aan hierdie kommissie gelaat. ¹⁾

12. Die bybel moet onderwys word.

In hierdie punte is neergelê die basis van 'n onderwyswet wat die meeste kans op sukses sou hê. Gebruikmakende van bestaande omstandighede trag dit — ewe as die verslag van '73 — dit te sistematiseer en uit te brei. Dit het heel wat gemeen met die verslag van '73, maar gaan soos ons meen nog verder in die utiliseer en ontwikkel van bestaande onderwys-organisasies. Dit vermy moeilikhede in verband met godsdienssake en laat alle moontlike vryheid omtrent die medium-kwessie.

Natuurlik het politieke toestande versigtigheid noodsaaklik gemaak. Tog het misnoeë met die Engelse beheer daagliks toegeneem en na die mislukte sending van die tweede Deputasie in '78 het sake op die platteland so 'n spanning bereik dat opbouwende opvoedkundige werk deur die onderdrukkers 'n onmoontlikheid was, en hulle strewe was veroordeel, nie op meriete nie, maar omdat dit van die Engelse gekom het. In die dorpe was die verhouding gewoonlik anders, maar die dorpsbevolking het maar 'n klein deel uitgemaak van die bevolking van die hele Republiek.

Die rondtrek van die bevolking na die groot vergaderings van die daaropvolgende maande het selfs die gewone plaasonderwys (publiek sowel as privaat) grootliks gestrem; ook selfs in verskillende dorpe — in sommige permanent. ²⁾

DIE ONDERSTEUNDE SKOLE.

Vóór Lyle sy verslag uitgebring het, was daar reeds enige afwykings van die nog geldige wet van '74, want as 'n eksperiment is aan die voorgenoemde skole „grants-in-aid” toegeken. Na die rapport is die beginsel wat daarin aanbeveel word, n.l. ondersteunde i.p.v. die sogenaamde staatskole, al gou goedgekeur, hangende die optrek van 'n nuwe onderwyswet wat die bestaande moes veryang, is daar voorlopig in diens gestel 'n aantal regulasies vir die uitbetaal van subsidie aan skole. ³⁾ Hierdie regulasies sou geen ingrypende veranderings maak nie, maar was alleen bedoel om reeds

¹⁾ Die artikels van die rapport wat die hier aangehaalde 11 punte dek is nos. 87 tot 119.

²⁾ De Volksstem; 15 Julie, 1879.

³⁾ Goewermentskennisgewing; No. 22 1879; Argief T 3/2200.

dadelik die nuwe idee van ondersteunde skole te kan toepas op alle private inrigtings, wat aan sekere vereistes voldoen. Die bydrae het 5/- per leerling p. m. bedra vir laer onderwys, terwyl 'n spesiale toelae gegee was vir kinders wat St. III en IV passeer.

Hierin is een belangrike afwyking van die suggesties van Lyle, en dit is dat die skool nie noodwendig onder die jurisdiksie van die skoolkommissies, wat onder die bestaande wet gevorm is, val nie. Die kontrole kan nou min of meer heeltemal in die hande van die ouers wees. Die toelae word uitbetaal aan die besture wat in die geval van private skole gewoonlik deur die ouers gekies word, terwyl ook opening gelaat word vir die skole, wat deur 'n onderwyser of partikulier self opgesit word. Steeds verdere dewolusie dus van die staatsonderwys.

Soos aangetoon sou hierdie regulasies die boere nie meer baie help nie. Die bestaande Engelse of ver-Engelste inrigtings het daar gou gebruik van gemaak. In April '79 was daar 9 skole met 393 leerlinge onder hierdie regulasies,¹⁾ en die Goewermentskole het ook nog 'n betreklik goeie rol gehad. Van 9 met 306 leerlinge in April '77 het hulle gestyg tot 11 met 445 leerlinge in Apr. '79. Die onkoste per hoof in die laaste was nou £ 7-3-9 en in die ondersteunde skole £ 3. In die geheel het daar nou 838 kinders onder die Dept. geval; dus meer as dubbel soveel as wat daar ooit onder die Republiek was. Lanyon, die opvolger van Shepstone, het dan ook 'n sterk punt hiervan gemaak om te bewys dat die onderwys onder die Engelse beter was dan onder die Republiek. Nieteenstaande hierdie ingenomenheid moes nog in Sept. van dieselfde jaar Sir Garnet Wolseley, toe net uit Engeland aangekom, met die aanstelling as Hoë Kommissaris om die sake in Soeloeland en die Tv. te reël, volmondig erken dat dit nie so'n Utopia was nie en in sy onderhoud met Genl. Piet Joubert op sy deurreis deur die Wakkerstroomse het hy o.a. beloop dat hy veral ook goeie skole sou oprig vir die opleiding van die landskinders tot amptenare.²⁾

DS. H. S. BOSMAN WORD SUPERINTENDENT.

Dr. Lyle het nie die eerste regulasies wat die begin was van sy onderwysstelsel, lank oorleef nie en binne 'n paar maande is hy

¹⁾ Goewermentskennisgewing No. 1689 van 1879.

²⁾ Die verslag van die onderhoud is later deur Genl. Joubert in die Nuusblaai gepubliseer.

oorlede. Hierop het die Koloniale Sekretaris tydelik as waarnemende Supt. aangestel Ds. H. S. Bosman. ¹⁾

Ds. Bosman was goed op die hoogte met onderwystoestande. Die Prospect Seminary was onder sy sorg. Hy het daar self in onderwys gegee na die dood van die onderwyseres. Ook het hy onder hom die skool vir behoeftige kinders gehad. ²⁾

In die begin van '80 het hy sy eerste rapport uitgebring. ³⁾ Hy is van openie dat die twee bestaande stelsels — Goewerment- en ondersteunde skole — nog vir 'n rukkie aangehou moet word. Hy wil nie ingrypende veranderings voorstel nie. Onder omstandighede is dit te verstaan. As 'n laaste stap het die volk op Kleinfontein op 16 Apr. '79 besluit om 'n petisie te stuur regstreeks na die Koningin, maar daar is geen antwoord op gekom nie en alleen uit die uitlatings van Sir Garnet moes hulle opmaak dat die smeekskrif in die snippermand beland het, en hierop is 'n groot volksvergadering gehou op Wonderfontein op 10 Des. '79. Hier was 6,000 burgers teenwoordig en besluite is geneem wat gelei het tot die Vryheidsoorlog. Die Engelse en meer nog die pro-Engelse het dus feitlik op 'n myn geleef, en versigtigheid was die wagwoord.

Opvallend in Bosman se rapport is die houding wat aangeneem word teenoor die kommissies, veral teen die van wykskole. Dis in lynregte opposisie teen die stelsel deur Burgers ingevoer en deur Lyle verdedig, om die ouers 'n sê te gee in die opvoeding van hulle kinders. Dis wonderlik om dit te hoor uit die mond van 'n dominee, want die kerk is steeds teen dinge van die soort, aangesien hulle as grondstelling aanneem dat die ouers verantwoordelik is vir die opvoeding van hulle kinders. In hierdie geval sou dit volgens die opvatting nog erger wees as staatsonderwys. Aan die ander kant staan natuurlik die feit dat Ds. Bosman die volle werklikheid voor oë gehad het en daarvan oortuig was dat baie van die destydse kommissies die skool, deur hulle eindelose twiste, meer nadeel dan voordeel gebring het. Tog bly dit 'n sterk kontras met die simpatieke houding — teoreties miskien — van Lyle.

Dat Bosman sy onderwysers uit die Kaap wou hê berus natuurlik op die feit dat die Kapenaars ook Afrikaners was, terwyl die

¹⁾ Goewermentskennisgewing No. 73 van 1879.

²⁾ Notulen van de Algemeene Kerkvergadering der Nederd. Herv. Kerk; 1879, art. 15.

³⁾ Notuleboek van die Kerkraad van Pretoria vanaf 30-6-61 tot 9-1-92; onder 25-9-79.

⁴⁾ Dis gedateer 19-2-80 en gepubliseer as Goewermentskennisgewing No. 96

Hollandse onderwysers hier minder goed by die bevolking aangepas het. Miskien die enige stelsel wat uiteindelik bevrediging sou gegee het.

Die voorstel om skoolgelde as belasting te kollekteer skyn eer 'n gevolg van wrewel oor laksheid dan wel — landsomstandighede in aanmerking geneem — die resultaat van rype oorweging te wees.

Vir die eerste keer vestig hy die aandag op 'n groot fout, wat later nog verder deurgevoer sou word, n.l. dat daar geen regstreekse verband was tussen die middelbare onderwys en die vereistes van die publiek, en seer tereg wys hy op vakke en metodes wat baie meer aandag verdien as wat hul kry. Dit skyn of die Regering, onder omstandighede, dit nie wenslik geag het om direkte uitvoering aan die suggesties te gee nie. Wel het S. Eerw. sover dit in sy kring tepas gekom het, getrag om die punte, wat sonder spesiale regulasies of wetgewing kon uitgevoer word, soveel moontlik aan te moedig soos b.v. blyk uit sy „Circular to Schoolmasters and Teachers” uitgestuur in Junie '80, wat 'goeie poging is om klassifikasie te bevorder, standarde gelyk te maak, administrasie te vergemaklik en onderwys aan te moedig.¹⁾

DIE INSPEKSIE ONDER BOSMAN.

Die suggestie re inspeksie, van Lyle, is vanaf begin '80 toegepas, met hierdie verandering — so skyn dit tenminste uit die dokumente wat ons kon bemagtig — dat nie die verskillende predikante opdrag gekry het om die skole in hulle kring te besoek nie, maar dat net één aangestel is as „deputy” inspekteur en in die kapasiteit verskillende skole geïnspekteer het. Hierdie eerste rapporte is maar baie skraal, maar daar sit tog genoeg in om 'n insig in toestande te gee. Hierdie inspekteur, dit was Ds. J. P. Jooste, is ook nie orals ewe welwillend ontvang nie. Die Gemeente van Zeerust het selfs gepetitioneer om die inspekteur maar liewers nie weer te stuur nie.

DIE ONDERWYSWET VAN 1880.

Ondertussen was ook die langbeloofde, deur Sir Garnet opnuut toegesegde eie konstitusie op 'n manier in werking getree. Die nuwe wetgewende Raad is net soos die V. R. met 'n toespraak van die Administrateur geopen. Toe het die onderwyswet gou ter sprake

¹⁾ T. 2/2117; Argief.

gekom, want die masienerie om die ou wet te herroep of te wysig was nou daar. ¹⁾ Die eerste onderwyswetgewing deur hierdie liggaam gepasseer was wet 10 van 1880. Die wet is „For regulating the mode of appropriating grants from the public revenue in aid of General Education”. Dit sou dus gedeeltelik die skema deur Lyle voorgestel volg, maar dit sluit uit sy verdere suggestie, n.l. die oprigting van Goewermentskole op die platteland. Uit die aanhef lyk dit of die nuwe wet 'n aanvulling of uitbreiding gaan wees van die bestaande en sodoende die ondersteunde skole ook onder die stelsel wil insluit, maar dis nie die geval nie soos duidelik blyk uit die teks, 'n baie kort wetjie van net ses artikels, ²⁾ wat die reëling van die onderwys aan nog op te trekke regulasies oorlaat. Dit skyn of daar nog twee maande verbygegaan het, voordat die regulasies gepubliseer is. ³⁾ In Junie moet hulle egter al min of meer hulle vorm gehad het, want in 'n omsendbrief van die maand gee Bosman die ver naamste punte wat daarin sal voorkom aan die diensdoende onderwysers. Die nuwe regulasies vervang die voorlopige van '79. Die kern daarvan is eners. Die basis is nog die skema deur Lyle voorgestel, maar die hoërskole is heeltemal nie aangeroer nie. Die doel is om soveel moontlik later alles aan private inisiatief oor te laat.

Die ouers is hier direk of indirek, verantwoordelik vir die onderwys. 'n Sekere Goewermentstoelae word betaal vir salarisse, terwyl ook hulp gegee sal word by die oprig van skoolgeboue. Die aanstel van die onderwyser gaan — behoudens die ondersoek na sy bekwaam- en sedelikheid — geheel buite die Regering om, so ook die mediumkwessie.

Die indeling van skole volgens sekere klasse (art. 8) skyn daar wel op bereken te wees om heelwat goeie eienskappe te bevorder en aan te moedig.

In normale tye behoort dit 'n baie goeie stimulus te gewees het om die onderwyser se oog vir alle puntjies, wat betrekking het op die kinders en hulle welsyn, oop te hou. Dit skyn ons nog beter toe dan Dr. Lyle se suggestie van 'n primêre en 'n sekundêre toelae, soos in die voorlopige stel beliggaam.

Die enige hierin wat regstreeks uit die rapport van Bosman skyn oorgeneem te wees, is die vasstel van 'n minimum skoolgeld en die vrye leerling in konsiderasie vir sekere Goewermentsbydraes.

¹⁾ Transv. Gouvernements Courant: IV, 170 van 12 Maart 1880.

²⁾ Die wet is gepubliseer in die Tvse. Govts. Crt. van 8 Junie '80 en dieselfde dag in werking getree.

³⁾ Tvse. Govts. Crt.: IV, 207, van 31-8-81.

Een punt, wat direk teen die suggesties van Lyle en van Bosman ingaan, is die uitsluit van die rondgaande skoolmeester uit die stelsel. In die eerste stel regulasies was hulle opsetlik opgeneem; ook Bosman het sterk aanbeveel om hulle te ondersteun, maar hier word hulle feitlik verhinder om applikasie te maak vir ondersteuning, want geen ondersteuning mag toegeken word alvorens 'n skool drie maande bestaan het nie, en dan was in baie gevalle die onderwyser alweer verder.

Nou was die nuwe masienerie dus gereed om te begin werk. Objektief beskou het die stelsel baie lewenskrag besit en heeltewel werkbaar gewees, maar gebeurtenisse op politieke gebied — faktore wat steeds die Transvaalse onderwys en opvoeding baie beïnvloed het — het hulle nou weer sterk begin laat voel.

Die voormanne was daar in geslaag om die konfederasieskema van Sir Michael Hicks-Beach te laat misluk. Hulle beroep¹⁾ op die nuwe Gladstone-Regering was negatief beantwoord.²⁾ Alle hoop op reg was verby en die toebereidsels vir die Vryheidsoorlog het begin. Piet Cronje in Potchefstroom het die direkte aanleidende oorsaak gegee en die 13de Des. '80 is te Paardekraal die Republiek ge-proklameer.

Die nuwe onderwysregulasies het dus geen kans gehad om getoets te word nie, behalwe in die dorpe, waar, behalwe die nuwe stelsel van subsidie, baie dinge al in daardie rigting geloop het. Die Goewermentskool in Middelburg was al in Junie gesluit, die in Pretoria was ook al weg, so ook die in Heidelberg; die ander het nog op 'n manier bestaan, met uitsondering van die een in Potchefstroom wat — dank sy die kombinasie Louis-v. d. Hoff — gebloei het. Daar was teen die end al 16 ondersteunde skole met 50 onderwysers en omstreeks 1,000 leerlinge.³⁾

Aan die end van 1880 is 'n inspekteur van skole uit die Kaap ontbied om hierdie skole te inspekteer. Sy rapport het ons nie gevind nie — aangenome dat hy die skole nog kon inspekteer — want die oorlog was toe in volle gang.

Na 'n oorlog wat kort geduur het en wat baie suksesvol was vir die republikeine is op 22 Maart, na die slag van Amajuba, die vrede geteken. Die Republiek sou voortaan onder Britse suweriniteit staan en die Regering sou pas oorhandig word nadat die Koninklike Kom-

¹⁾ Gen. brief is gedateer, Kaapstad, 10 Mei 1880.

²⁾ Brief gedateer Downingstreet, Whitehall, 8 Junie 1880.

³⁾ Fred. Jeppe: Transvaal Book Almanac and Directory for 1881; blss. 195, 196.

missie, wat volgens die Traktaat sake moes reël, met sy werksaamhede gereed was.

Die Engelse amptenare het ondertussen nog in diens gebly en hulle mog volgens die Traktaat selfs aanbly onder die boere-regering. Gedurende die grootste gedeelte van die oorlogsperiode is daar geen salarisse of toelae uitbetaal nie en die onderwysers wat deurgaan het met skoolhou het geruime tyd niks ontvang nie,¹⁾ maar na die vrede is dit weer betaal. Die Engelse bestuurders moes toe begin inpak en hulle rekenings afsluit. Hulle bemoeiings met die onderwys het hulle afgesluit deur kennis te gee dat vanaf 31 Mei '81 alle „Grants-in-Aid” sou eindig.²⁾ Met die 9 nog bestaande Goewermentskole kon hierdie prosedure nie gevolg word nie, want die onderwysers was amptenare en hulle werk het deurgeloopt tot onder die volgende bestuur.

Op die 3de Aug. is die Konvensie van Pretoria finaal geteken en op die 8ste is die land weer aan sy oorspronklike besitters teruggegee.

¹⁾ Sien stukke van die Dept. v. O. te Pretoria, onder gemelde datum.

²⁾ Brief van Kol. Sekr. aan ondersteunde skole dd. Pretoria, 26 Mei, 1881.